



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**GEOGRAFIE V1**

**MODEL 2013**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n 10 bladsy-bylae.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 100 punte elk.
3. By die paragraafstylvraag mag jy na EEN idee verwys wat jy in diepte moet bespreek, OF na verskillende idees wat in minder diepte bespreek word.
4. ALLE diagramme is in die BYLAE ingesluit.
5. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings wat beantwoord word.
6. Begin elke vraag BOAAN 'n NUWE bladsy.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme, waar moontlik.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. As jy EEN vraag uit AFDELING B beantwoord, moet jy TWEE vrae uit AFDELING A beantwoord.

**VRAAG 1**

- 1.1 Voltooi elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/begrip uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/begrip langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

globale lugsirkulasie; westewinde; passaatwinde; geostrofiese winde;  
Coriolis-krag; lugdrukgradiëntkrag

- 1.1.1 Die ... veroorsaak dat lug van sy oorspronklike baan afwyk. (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Grootskaalse luginbeweging in die atmosfeer staan as ... bekend. (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Die verskil in lugdruk wat daartoe lei dat lug van 'n area met hoë druk na 'n area met lae druk beweeg, staan as ... bekend. (1 x 2) (2)
- 1.1.4 Winde wat parallel met isobare in die boonste atmosfeer waai, is ... (1 x 2) (2)
- 1.1.5 Winde wat in die trope waai, word ... genoem. (1 x 2) (2)
- 1.2 Verwys na FIGUUR 1.2 wat intrusiewe landvorme toon en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.2.1 Benoem die grootse intrusiewe landvorm wat **3** gemerk is. (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Benoem intrusiewe landvorme **1, 2** en **7**. (3 x 2) (6)
- 1.2.3 Watter landvorm sal ontwikkel as **1** aan die Aardoppervlak blootgestel word? (1 x 2) (2)
- 1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat die Wes-Afrikaanse moesonwinde toon en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.3.1 Wat is 'n *moesonwind*? (1 x 2) (2)
- 1.3.2 Identifiseer die wind wat Wes-Afrika onderskeidelik van Januarie tot Maart en van Junie tot September oorheers. (2 x 2) (4)
- 1.3.3 Beskryf die weer in Wes-Afrika as gevolg van die wind wat van Junie tot September waai. (2 x 2) (4)
- 1.3.4 Noem EEN probleem wat met die moesonwind wat van Januarie tot Maart waai, geassosieer word. (1 x 2) (2)
- 1.3.5 Noem EEN probleem wat met die moesonwind wat van Junie tot September waai, geassosieer word. (1 x 2) (2)

- 1.4 Bestudeer die spotprent oor droogte in FIGUUR 1.4 en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.4.1 Definieer die begrip *droogte*. (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Noem TWEE oorsake van droogtes. (2 x 2) (4)
- 1.4.3 Beskryf TWEE gevolge van droogtes op mense en die omgewing. (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Hoekom is ontwikkelende lande meer kwesbaar vir droogtes as ontwikkelde lande? (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Skryf 'n kort paragraaf waarin jy volhoubare strategieë verduidelik wat ingestel kan word om droogtes effektief te bestuur. (6 x 2) (12)
- 1.5 Lees die artikel in FIGUUR 1.5 en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.5.1 Definieer die begrip *grondverskuiwing*. (1 x 2) (2)
- 1.5.2 Waar kom grondverskuiwings gewoonlik voor? (1 x 2) (2)
- 1.5.3 Noem TWEE oorsake van grondverskuiwings. (2 x 2) (4)
- 1.5.4 Beskryf DRIE gevolge van grondverskuiwings op mense en die omgewing. (3 x 2) (6)
- 1.5.5 Skryf 'n kort paragraaf waarin jy strategieë verduidelik wat gebruik kan word om die uitwerking van massabewegings te voorkom of te beperk. (6 x 2) (12)
- 1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat *cuestas* toon en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.6.1 Wat is 'n *cuesta*? (1 x 2) (2)
- 1.6.2 Beskryf die verskil in die ontwikkeling van *cuestas* in diagram **A** en **B**. (2 x 2) (4)
- 1.6.3 Beskryf die verskil tussen die *duikhelling* en die *eskarphelling* van 'n *cuesta*. (2 x 2) (4)
- 1.6.4 Bespreek hoe mense *cuestas* kan gebruik. (2 x 2) (4)
- [100]

**VRAAG 2**

- 2.1 Bestudeer FIGUUR 2.1 wat op seisoenale temperatuurveranderinge gebaseer is en beantwoord die vrae wat volg. Al die inligting in FIGUUR 2.1, is vir seisoene in die Noordelike Halfrond.
- 2.1.1 Gee die begrip wat gebruik word wanneer die son direk oor die Kreefskeerkring of die Steenbokskeerkring skyn. (1 x 2) (2)
- 2.1.2 Hoe vergelyk die lengte van die dag en nag in die Suidelike Halfrond met mekaar wanneer dit 'n somersonstilstand ervaar? (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Gedurende watter seisoen in die Noordelike Halfrond ervaar die Arktiese Sirkel 24 uur nag? (1 x 2) (2)
- 2.1.4 Beskryf die lengte van die dag en nag wanneer die Suidelike Halfrond 'n lentedagewening ervaar. (1 x 2) (2)
- 2.1.5 Wat noem ons die baan wat die Aarde rondom die son volg? (1 x 2) (2)
- 2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat 'n canyonlandskap toon. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.
- 2.2.1 Canyonlandskappe ontwikkel in hellende sedimentêre gesteentes. (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Afwaartse erosie is die belangrikste erosieproses wat vir die ontwikkeling van 'n canyon verantwoordelik is. (1 x 2) (2)
- 2.2.3 Canyonhange het 'n eenvormige vorm. (1 x 2) (2)
- 2.2.4 'n Canyon is gewoonlik wyd aan die oppervlak en nou by die bodem. (1 x 2) (2)
- 2.2.5 Die jongste rotslae word naby die basis van die canyon aangetref. (1 x 2) (2)
- 2.3 Lees die artikel in FIGUUR 2.3 wat op die impak van El Niño gebaseer is.
- 2.3.1 Noem die toestand wat nodig is voordat 'n El Niño-gebeurtenis kan plaasvind. (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Verduidelik waarom die meteoroloog die sinking van die Titanic met El Niño verbind. (2 x 2) (4)
- 2.3.3 As die Titanic meer onlangs ter water gelaat is, kon die ramp vermy gewees het. Waarom dink jy is dit die geval? (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Bespreek die impak van 'n El Niño-gebeurtenis op die omgewing van Afrika. (3 x 2) (6)

- 2.4 Verwys na FIGUUR 2.4 wat verwoestyning in Afrika uitbeeld.
- 2.4.1 Wat is *verwoestyning*? (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Noem EEN manier waarop mense tot verwoestyning bydra. (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Beskryf die mate waarin Suid-Afrika deur verwoestyning bedreig word. (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Bespreek TWEE gevolge van verwoestyning op die ekonomie van Afrika. (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Skryf 'n kort paragraaf waarin jy volhoubare metodes beskryf wat die proses van verwoestyning in Afrika kan voorkom en omswaai. (6 x 2) (12)
- 2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 wat twee landvorme toon wat na mekaar ontwikkel.
- 2.5.1 Identifiseer landvorme **A** en **B**. (2 x 2) (4)
- 2.5.2 Noem die onderliggende intrusiewe landvorm waaruit beide die landvorme ontwikkel het. (1 x 2) (2)
- 2.5.3 Verduidelik kortliks waarom landvorm **A** 'n geronde vorm aanneem. (3 x 2) (6)
- 2.5.4 Skryf 'n kort paragraaf waarin jy verduidelik hoe landvorm **B** ontwikkel. (6 x 2) (12)
- 2.6 Verwys na FIGUUR 2.6 wat die tipiese hangelemente/-vorme wat met 'n hang geassosieer word, voorstel.
- 2.6.1 Identifiseer die hangelemente/-vorme wat **A**, **B**, **C** en **D** gemerk is. (4 x 2) (8)
- 2.6.2 Gee EEN kenmerk van elk van die hangelemente/-vorme wat **A** en **C** gemerk is. (2 x 2) (4)
- 2.6.3 Verduidelik waarom hangelement/-vorm **D** vir boere bruikbaar is. (2 x 2) (4)
- [100]**

**AFDELING B: ONTWIKKELING, HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID**

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. As jy EEN vraag uit AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae uit AFDELING B beantwoord.

**VRAAG 3**

- 3.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Die totale waarde van goedere en dienste wat in 'n jaar in 'n land geproduseer word	A	ekonomiese ontwikkeling
		B	Bruto Binnelandse Produk
3.1.2	'n Maatstaaf van 'n land se rykdom en hoe dit gegeneer word	C	Menslike Ontwikkelingsindeks
		D	buitelandse valuta
3.1.3	Geld wat uit uitvoere verdien word	E	handelsbalans
		F	betalingsbalans
3.1.4	'n Maatstaf van die nie-ekonomiese aspekte van 'n land se ontwikkeling		
3.1.5	Die verskil in die geldwaarde van 'n land se uitvoere en invoere		

(5 x 2) (10)

- 3.2 Kies die korrekte woord/begrip tussen hakies om elk van die volgende stellings WAAR te maak. Skryf slegs die korrekte woord/stelling langs die vraagnommer (3.2.1 tot 3.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 3.2.1 'n (Natuurlike/Ekonomiese) hulpbron word uit die omgewing verkry. (1 x 2) (2)
- 3.2.2 (Biotiese/Abiotiese) hulpbronne bestaan uit nielewende dinge. (1 x 2) (2)
- 3.2.3 (Eluvasie/Iluviasie) vind plaas wanneer gronddeeltjies as 'n oplossing of in suspensie afwaarts deur grond gedra word. (1 x 2) (2)
- 3.2.4 Hidroëlektrisiteit is 'n (hernubare/niehernubare) vorm van energie. (1 x 2) (2)
- 3.2.5 (Swaartekrag/Ontbossing) is 'n natuurlike oorsaak van gronderosie. (1 x 2) (2)

- 3.3 Verwys na FIGUUR 3.3 wat oorsake van gronderosie toon en beantwoord die vrae wat volg.
- 3.3.1 Identifiseer TWEE oorsake van gronderosie wat in die diagram sigbaar is. (2 x 2) (4)
- 3.3.2 Verduidelik kortliks die gronderosieproses wat in die diagram geïllustreer word. (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Bespreek enige DRIE gevolge van gronderosie op die omgewing. (3 x 2) (6)
- 3.3.4 Skryf 'n kort paragraaf waarin jy volhoubare bestuurstrategieë bespreek wat gebruik kan word om gronderosie te voorkom en te beheer. (6 x 2) (12)
- 3.4 Suid-Afrika het waardevolle steenkoolafsettings in die noordooste van die land, en daarom word die meeste van Suid-Afrika se steenkoolaangedrewe aanlegte in Mpumalanga aangetref. Histories het dit Suid-Afrika toegang tot goedkoop elektrisiteit gegee, maar dit is ook een van die grootste redes waarom die land op die top 20-lys van lande is wat koolstofdiksied vrystel.
- 3.4.1 Steenkool is nie 'n volhoubare energiebron nie. Verduidelik hierdie stelling. (2 x 2) (4)
- 3.4.2 Noem TWEE omgewingsimpakte van steenkoolontginning en termiese kragstasies. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Bespreek DRIE bestuursmaatreëls wat ingestel kan word om Suid-Afrika se vrystelling van koolstofdiksied deur steenkoolaangedrewe kragstasies te verminder. (3 x 2) (6)
- 3.5 Lees die uittreksel uit 'n artikel in FIGUUR 3.5 en beantwoord die vrae wat volg.
- 3.5.1 Waarna verwys die begrip *ontwikkelingshulp*? (1 x 2) (2)
- 3.5.2 Wat is die verskil tussen *bilaterale hulp* en *humanitêre hulp*? (2 x 2) (4)
- 3.5.3 Noem EEN humanitêre hulporganisasie wat 'n belangrike rol speel om voedsel aan lande te verskaf tydens hongersnood. (1 x 2) (2)
- 3.5.4 Behalwe vir voedsel, noem EEN ander vorm van humanitêre hulp. (1 x 2) (2)
- 3.5.5 Stem jy saam dat humanitêre hulp aan Wes-Afrika en die Sahel verleen moet word om 'n humanitêre krisis te voorkom? Motiveer jou antwoord deur die voordele en/of nadele van die verskaffing van humanitêre hulp te bespreek. (6 x 2) (12)



- 3.6 Verwys na die spotprent in FIGUUR 3.6 wat handel aantoon en beantwoord die vrae wat volg.
- 3.6.1 Moedig die man met die sigaar vryhandel aan? (1 x 2) (2)
- 3.6.2 Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 3.6.1. (1 x 2) (2)
- 3.6.3 Wie in die spotprent stel die volgende voor:
- (a) Meer ekonomies ontwikkelde lande (1 x 2) (2)
- (b) Minder ekonomies ontwikkelde lande (1 x 2) (2)
- 3.6.4 Noem TWEE regulasies wat gebruik word om vryhandel te voorkom. (2 x 2) (4)
- 3.6.5 Verduidelik waarom vryhandel voordelig kan wees vir lande wat ekonomies minder ontwikkel is. (3 x 2) (6)
- [100]**

**VRAAG 4**

- 4.1 Gee EEN woord/begrip vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/begrip uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/begrip langs die vraagnommer (4.1.1 tot 4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

primêre aktiwiteite, ekonomiese aanwysers, tersiêre aktiwiteite,  
uitvoergebaserde ontwikkeling, sekondêre aktiwiteite,  
Rostow se ontwikkelingsmodel

- |       |   |         |     |
|-------|---|---------|-----|
| 4.1.1 | Lande gaan deur vyf stadiums van ekonomiese ontwikkeling  | (1 x 2) | (2) |
| 4.1.2 | Dui die vlak van rykdom en ervaring van 'n land aan   | (1 x 2) | (2) |
| 4.1.3 | Aktiwiteite wat 'n diens lewer  | (1 x 2) | (2) |
| 4.1.4 | Die onttrekking van natuurlike hulpbronne direk uit die Aardoppervlak                           | (1 x 2) | (2) |
| 4.1.5 | 'n Handels- en ekonomiese beleid wat beoog om die nywerheidsontwikkeling van 'n land te versnel | (1 x 2) | (2) |
- 4.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.2.1 tot 4.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- |       |  |         |     |
|-------|--|---------|-----|
| 4.2.1 | 'n Voorbeeld van 'n niehernubare hulpbron: |         |     |
|       | A Grond                                    |         |     |
|       | B Water                                    |         |     |
|       | C Steenkool                                |         |     |
|       | D Wind                                     | (1 x 2) | (2) |
- |       |   |         |     |
|-------|---|---------|-----|
| 4.2.2 | Die beperking van skade aan die omgewing kan vermag word deur ... |         |     |
|       | A ontbossing.   |         |     |
|       | B hulpbronvervanging.   |         |     |
|       | C bevolkingsgroei.  |         |     |
|       | D hulpbronnuitbuiting.  | (1 x 2) | (2) |
- |       |   |         |     |
|-------|---|---------|-----|
| 4.2.3 | ... is 'n voorbeeld van 'n handelsverspreiding. |         |     |
|       | A Invoerkwotas                                  |         |     |
|       | B Gewaarborgde produkpryse                      |         |     |
|       | C Minimum salarisstandaarde                     |         |     |
|       | D Minimum produkpryse                           | (1 x 2) | (2) |

- 4.2.4 Die gemiddelde inkomste per jaar per persoon in 'n land staan as die ... bekend.
- A BBP  
B BBP per capita  
C BNP  
D BNP per capita (1 x 2) (2)
- 4.2.5 ... is 'n voorbeeld van 'n demografiese ontwikkelingsaanwyser.
- A Die geletterdheidskoers  
B Die bevolkingsgroeikoers  
C Geslagsgelykheid  
D Toegang tot gesondheidsorg (1 x 2) (2)
- 4.3 Die koerantberig in FIGUUR 4.3 verwys na die toekoms van kernkrag in Suid-Afrika.
- 4.3.1 Wat is *kernkrag*? (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Waar is Suid-Afrika se huidige en enigste kernkragstasie geleë? (1 x 2) (2)
- 4.3.3 Ten spyte van die baie voordele van kernkrag, maak Suid-Afrika steeds grootliks staat op konvensionele energiebronne soos steenkool om elektrisiteit op te wek. Waarom is dit die geval? (2 x 2) (4)
- 4.3.4 Gee EEN rede waarom Suid-Afrika die bou van kernkragstasies in Suid-Afrika uitgestel het. (1 x 2) (2)
- 4.3.5 Met verwysing na die voordele en nadele van kernkrag, skryf 'n kort paragraaf waarin jy saamstem, of verskil, van die regering se besluit om meer kernkragstasies te bou. (6 x 2) (12)
- 4.4 Verwys na FIGUUR 4.4 wat 'n tipiese grondprofiel aandui.
- 4.4.1 Wat is 'n *grondprofiel*? (1 x 2) (2)
- 4.4.2 Wat is 'n *grondhorisont*? (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Van watter belang is grondhorisont **A** vir mense? (2 x 2) (4)
- 4.4.4 In watter grondhorisont kom uitloging hoofsaaklik voor? (1 x 2) (2)
- 4.4.5 Watter rol speel moederrots (**R**) in grondvorming? (1 x 2) (2)
- 4.4.6 Verduidelik die rol wat klimaat in grondvorming speel. (2 x 2) (4)
- 4.4.7 Waarom kan mens sê dat die grondprofiel wat in FIGUUR 4.4 voorgestel word, die profiel van volwasse grond is? (1 x 2) (2)

4.5	Verwys na die spotprent in FIGUUR 4.5 wat globalisering toon.		
4.5.1	Definieer die begrip <i>globalisering</i> .	(1 x 2)	(2)
4.5.2	Watter boodskap dra die spotprent oor globalisering oor?	(1 x 2)	(2)
4.5.3	Watter land speel volgens die spotprent 'n belangrike rol in globalisering?	(1 x 2)	(2)
4.5.4	Gee DRIE redes waarom baie mense globalisering teenstaan.	(3 x 2)	(6)
4.5.5	In 'n kort paragraaf, gee aanbevelings hoe globalisering meer voordelig vir ontwikkelende lande kan wees.	(6 x 2)	(12)
4.6	Verwys na FIGUUR 4.6 wat geslagsongelykheid voorstel.		
4.6.1	Wat beteken die begrip <i>geslagsongelykheid</i> ?	(1 x 2)	(2)
4.6.2	Teen watter geslag word daar volgens die staafgrafiek gediskrimineer?	(1 x 2)	(2)
4.6.3	Noem EEN vorm van geslagsongelykheid.	(1 x 2)	(2)
4.6.4	Watter land in die staafgrafiek ervaar die ergste geslagsongelykheid?	(1 x 2)	(2)
4.6.5	Gee TWEE redes waarom geslagsongelykheid meer prominent in ekonomies minder ontwikkelde lande as in ekonomies meer ontwikkelde lande is.	(2 x 2)	(4)
4.6.6	Noem TWEE maatreëls wat in Suid-Afrika aangewend is om geslagsongelykheid op te los.	(2 x 2)	(4)
			<b>[100]</b>
		<b>GROOTTOTAAL:</b>	<b>300</b>